Moet nie ligte somersmalbestekdistillasieolies toedien binne 6 weke voor of 3 weke na 'n lente endosulfan toediening nie. Droogtestremming mag vrug- en blaarval by endosulfan behandelde bome veroorsaak, veral indien insekbeherende dosisse van spuitolies vroeër in die spuitprogram gebruik is. Endosulfan formulerings is nie mengbaar met ligte somerolies bo 0,2 % konsentrasie of met kalsiumarsenaat nie.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

#### VOORSORGMAATREËLS:

- Moet nie eet, drink of rook terwyl die produk hanteer word nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Alle persone in direkte kontak met die middel, sowel as die merkers, moet vol beskermende klere dra (oorpak, handskoene, rubberstewels en 'n geskikte respirator) wanneer die konsentraat hanteer word. Indien dit in u oë kom, spoel onmiddellik uit. **Sien noodhulp.** Indien dit op u vel kom, was dadelik af. **Sien noodhulp.** Indien dit op u klere mors, trek uit en was dit.
- Die vlieënier moet ook geskikte klere sowel as 'n respirator dra en moet onder geen omstandighede die middel hanteer nie.
- Keer die leë houer om oor die spuit- of mengtenk en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot 'n gedrup verminder het. Spoel die houer daarna driekeer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10 % van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer vernietig word.
- Dra vol beskermende klere tydens toediening. Moet nie die spuitmis inasem nie. Vermy kontak met die spuitstof sover moontlik. Vermy spuitstofwegdrywing na ander gewasse, weiding, riviere, damme en gebiede wat nie onder behandeling is nie.
- Maak spuittoerusting deeglik skoon na gebruik en raak van waswater ontsaem waar dit nie gewasse, weiding, riviere of damme sal besoedel nie. Vernietig leë houer en moet dit nie weer vir enige ander doel gebruik nie. Trek werksklere uit en was dit. Was uself.
- Hou kinders en diere weg van opgehoorte en afvalmateriaal. Geen werker mag deelneem aan die hantering of vermeningsproses terwyl laasgenoemde aan enige groot kwaal ly of selfs sommige kleiner klagtes soos brongitis of maagaandoening het nie.

#### Simptome van menslike vergiftiging:

1. **Mens:** Hoofpyn, algemene ongesteldheid, duiseligheid, naarheid soms gepaard met diaree, gevoelloosheid van die tong, serebrale en servikale bewerasie, bewerasie van die ledemate, toniese en kloniese stuiptrekkings soms gepaardgaande met bewusteloosheid.
2. **Beeste:** Lusteloosheid, blindelingse waggel, effense rusteloosheid, oormatige opgewondenheid, spiersametrekkings, steekparadepas, hewige stuipe gepaard met skynweiding, speekselafskeiding, gekreun en gekners van die tande.

**Noodhulpbehandeling:**

1. **Mens:** Verwyder persoon van die bron van vergiftiging. Stel hom gerus en hou hom stil. Verwyder besoedelde klere en spoel die besoedelde liggaamsdele met baie seep en koue water af. Moenie die vel hard vryf nie. Besoedelde oë moet vir 15 minute met skoon water uitgespoel word. Indien die waterverdunde mengsel gedrink is, veroorsaak braking deur die agterste gedeelte van die keel te prikkel met u vinger. Indien die konsentraat gedrink is, gee eers groot hoeveelhede geklitste eierwit, styseloplossing of Melk van Magnesia voordat braking veroorsaak word. Herhaal totdat braaksel helder is en nie langer na gif ruik nie.  
Neem die pasiënt onmiddellik na die naaste geneesheer en neem hierdie etiket saam. Pas kunsmatige asemhaling of geslote hartmassering toe indien nodig. Moenie direkte mond-tot-mond-asemhaling toepas nie. Moet nooit iets per mond aan 'n bewustelose persoon toedien nie.
2. **Beeste:** Indien moontlik, moet diere in 'n donker stal en so stil moontlik gehou word. Indien middel ingesluk is, moet geaktiveerde houtskool en Glauber sout toegedien word. Indien die vel besmet is, moet dit met seep of 'n ander reinigingsmiddel deeglik gewas en geskrop word.

**Nota aan die geneesheer:**

1. **Mens:** Toediening van fenobarbital (bv. Luminal) is noodsaaklik om stuiptrekkings te beheer. Water- en soutverlies behoort deur 'n 1 N fisiologiese-soutoplossing aangevul te word. Vermyn die gebruik van adrenalien, voedsel of purgeermiddels wat vet of olie bevat. Let veral op asemhalingstaking en kardiovaskulêre ineenstorting.
2. **Beeste:** Na-Pentobarbitoon, stadig toegedien teen 'n dosis van nie meer as 1 gram per 270 kg bees moet gebruik word om stuiptrekkings te beheer. Die dosis moet proporsioneel vir kleiner diere verminder word. Vitamien B-kompleks en Boor-glukonaat as ondersteunende terapie word aanbeveel.

**GEBRUIKSAANWYSINGS:** Gebruik slegs soos aangedui.

**Verenigbaarheid:**

**THIONEX 475 SC** is verenigbaar met die meeste insekdoders en swamdoders. Dit is eger NIE verenigbaar met minerale olies bo 'n konsentrasie van 0,2 % en kalsiumarsenaat nie. Daar word eger aanbeveel dat 'n verenigbaarheidstoets eers apart gedoen word voordat enige tenkmengsels gemaak word.

**Menginstruksies:**

Maak die spuittenk halfvol met skoon water. Skud die **THIONEX 475 SC** houer deeglik net voor die verlangde hoeveelheid daarvan in 'n aparte houer by 'n klein hoeveelheid water gevoeg word. Voeg hierdie vooraf vermengde mengsel in die spuittenk terwyl geroer word. Vul die spuittenk met water terwyl aanhoudend geroer word. Indien tenkmengsels gemaak word, word die middels in die volgende volgorde in die tenk gevoeg: bevorderingsmiddels gevolg deur suspensiekonsentrate gevolg deur emulgeerbare konsentrate. Verseker dat roering volgehou word tydens toediening. Moet nie die spuitmengsel laat oorsaak vir 'n onbepaalde tyd nie.

**Toediening:**

Vermy toediening van **THIONEX SC** in mielies en graansorghum of enige ander gewas wat aan droogtestremming of verwelking onderhewig is.

**Grondtoediening:**

**THIONEX SC** kan met enige geskikte medium- of hoëvolume spuitapparaat toegedien word mits dit in staat is om die spuitmengsel eweredig oor die teikengebied toe te dien en dit toegerus is met 'n doeltreffende roermeganisme.

**Lugtoediening:**

**THIONEX 475 SC** kan slegs deur 'n geregistreerde Lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SABS Kode 0118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- Volume: 'n Spuitmengsel volume van 30 liter per ha word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- Druppel bedekking: 30 tot 40 druppels per cm<sup>2</sup> moet op die teikenarea herwin word.
- Druppelgrootte: 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 250 tot 280 mikrons word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- Vlieg hoogte: Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 tot 4 meter. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig duik nie, uitklim of draai nie.
- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binnste 60 tot 75 % van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks beweeg.
- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihygrometer, moet nie 8°C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die windspoed 15 km/h oorskry.
- Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80% en meer) mag tot volgende probleme aanleiding gee:
  - a) verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
  - b) skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
- Verseker dat die Lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die Lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

**Toedieningshoeveelhede:**

<b>GEWAS</b>	<b>DOSIS</b>	<b>OPMERKINGS</b>
<b>Aalwyne</b> Blommot	<b>Hoëvolume toediening:</b> 10 ml / 10 l water	Dien gerig na die blomknoppe toe as 'n volle dekbespuiting sodra die eerste tekens van die plaag opgemerk word.
<b>Appels en Pere</b> Amerikaanse bolwurm Antestia slak	<b>Hoëvolume toediening:</b> 100 ml / 100 l water (2,5 – 3,5 l / ha)  <b>Laevolume toediening:</b> 2,5 – 3,5 l / ha	Volle dekbespuiting met eerste tekens van bolwurmbesmetting by volblom tot 90 % blomblaarval. Vir uitvoervrugte moet die laaste bespuiting nie later as 75 % blomblaarval toegedien word nie. Indien moontlik, dien vroeg in die oggend of laatmiddag toe wanneer bye nie baie aktief is nie. Meer as een toediening mag nodig wees. Dien teen 2500 - 3500 l spuitmengsel / ha toe.  Dien toe in 12,5 % - 25 % van die volume water wat normaalweg vir hoëvolume bespuiting gebruik word.
<b>Bone en Erte</b> Amerikaanse bolwurm	<b>Grondtoediening:</b> 750 ml – 1,5 l / ha  <b>Lugtoediening:</b> 1,5 l / ha	Verseker deeglike bedekking van plante. Verken lande elke 7 dae vanaf blom en monitor 24 plante / 15 ha. Begin toediening sodra 'n gemiddeld van 1 - 2 larwes, nie langer as 10 mm nie, op 10 % van die plante voorkom. Verken weer na 7 dae of na reën. Gebruik die laer dosis op kleiner plante en die hoër dosis op groter plante.  Dien toe in ten minste 30 l water / ha.
<b>Druwe</b> Amerikaanse bolwurm en Bladspringer	<b>Hoëvolume toediening:</b> 100 ml / 100 l water (0,5 – 1,5 l / ha)	Dien toe as 'n medium deктоediening teen 500 – 1500 l spuitmengsel / ha sodra die eerste tekens van 'n Amerikaanse bolwurminfestasie opgemerk word of wanneer vroeë blaarskade opgemerk word in die geval van bladspringers. Moet nie in tafeldruwe toedien na die ertjekorrelstadium nie aangesien dit mag lei tot onooglike residu's op die oppervlak van die korrels.
Erinose myt	<b>Hoëvolume toediening:</b>	Dien toe as 'n volle deктоediening

GEWAS	DOSIS	OPMERKINGS
(Knopmyt)	125 ml / 100 l water (625 ml – 1,875 l / ha)	teen 500 – 1500 l spuitmengsel / ha. Sorg moet gedra word dat alle botsels en alle lote deeglik bedek word.  Begin toediening wanneer die lote 10 – 14 cm lank is <b>OF</b> 14 – 28 dae na bot met twee herhalings met 'n tussenpose van 14 dae. Moet nie in tafeldruiwe na ertjekorrelgrootte toedien nie.
<b>Graansorghum</b> Amerikaanse bolwurm	<b>Grondtoediening:</b> 15 ml in 3 l water / 100 m ry  <b>Lugtoediening:</b> 1,5 l / ha	Dien toe as 'n gerigte bespuiting in 'n 50 cm wye band oor die ry op die halms sodra die plaag opgemerk word. Verseker deeglike bedekking van die halms.  Dien toe in ten minste 30 l water / ha, verkieslik voor die halms toemaak.
<b>Hops</b> Amerikaanse bolwurm	<b>Hoëvolume toediening:</b> 100 ml / 100 l water	Dien toe as 'n volle deктоediening sodra die eerste tekens van 'n infestasië waargeneem word. Verseker deeglike bedekking van die groeipunte en keels. Herhaal toediening indien nodig.
<b>Katoen</b> Amerikaanse bolwurm	<b>Grondtoediening:</b> 500 ml / 100 l water (maks. 1,0 l / ha) of 350 ml + 10 l molasses / 100 l water (maks. 700 ml + 20 l molasses / ha)  <b>Lugtoediening:</b> 1,0 l / ha in 30 l water of 700 ml + 6 l molasses in 30 l water / ha.  <b>Korrektiewe behandeling:</b> Lug- en grondtoediening 1,5 l / ha	Katoen moet met genoeg spuitmengsel bespuit word om 'n deeglike benatting te verseker. In geval van rugsakstertstangapparaat of newelspuit, dien 50 l spuitmengsel / ha toe tot 8 weke na opkom. Na 8 weke en tot 60 cm hoogte bereik is, dien 100 l spuitmengsel en na katoen 60 cm bereik het, dien 200 l spuitmengsel / ha toe. Indien 5 mm of meer reën binne 12 uur na toediening val, verken land weer soos beskryf onder “nota” om te bepaal of insekte oorleef het en herhaal toediening indien nodig. Moet nie oorhoofs besproei vir 12 uur na toediening nie. Plantluis word oor die algemeen deur 'n normale bolwurm-spuitprogram onderdruk. <b>Sien nota oor katoen.</b>  Dien toe soos hierbo. Beheer larwes tot op 15 mm grootte. Tot op 'n planthoogte van 60 cm, dien die helfte van die dosis toe. By plante hoër as 60 cm word die volle dosis toegedien. <b>Sien “lugtoediening” vir</b>

GEWAS	DOSIS	OPMERKINGS
Valslandmeter (Plusia)  Blaaspootjies	<b>Grondtoediening:</b> 875 ml / 100 l water (maks. 1,75 l / ha)	<b>voorsorgmaatreëls en toediening.</b> <b>Sien korrektiewe drumpelwaardes.</b> Tot met 12 weke na ontkieming, dien slegs toe wanneer skade aan blare meer as 50 % is. Gebruik genoeg van die spuitmengsel om 'n deeglike benatting te verseker, met toename in spuitvolume tot 200 l / ha waar katoenplante 60 cm en hoër staan. <b>Sien notas oor katoen.</b>
	<b>Grondtoediening:</b> 88 ml / 100 l water / ha	Dien toe in jong saailinge sodra die eerste tekens van 'n middelmatige tot swaar infestasië opgemerk word. Verseker dat plante deeglik benat word. Herhaal toediening indien nodig. Gebruik 'n spuitbalk toegerus met holkeëlsputpunte wat direk op rye gerig is.
Bladspringers	<b>Grondtoediening:</b> 500 ml / 100 l water	Dien toe met genoeg spuitmengsel om 'n goeie bedekking te verseker. Dien toe teen 100 l spuitmengsel / ha vir plante kleiner as 60 cm en 200 l / ha vir plante groter as 60 cm. <b>Sien notas oor katoen.</b>
<b>Kersies</b> Amerikaanse bolwurm en Slak	<b>Hoëvolume toediening:</b> 100 ml / 100 l water (2,5 – 3,5 l / ha)	Dien toe as 'n volle dekhoediening vanaf volblom tot 90 % blomblaarval sodra die plaag opgemerk word. Dien 2500 – 3500 l spuitmengsel / ha toe. Die beheer van slak mag slegs na oes gedoen word. Herhaal toediening indien nodig.
<b>Koffie</b> Antestia stinkbesie en Brandruspe.	<b>Hoëvolume toediening:</b> 100 ml / 100 l water	Dien toe as 'n volle dekhoediening voor die hoof blomperiode sodra die eerste tekens van 'n infestasië opgemerk word. Herhaal 14 dae later indien nodig.
<b>Koring</b> Amerikaanse bolwurm	<b>Lugtoediening:</b> 1,5 l / ha	Dien toe in minstens 30 l water / ha. Toediening moet begin sodra 5 % van die blare besmet is en voor die larwes 10 mm groot is. Herhaal toediening indien nodig.
<b>Makadamias</b> Stinkbesie	<b>Hoëvolume toediening:</b> 120 ml / 100 l water	Dien toe as 'n medium dekhoediening en verseker dat die binnekant sowel as die buitekant van die boomkoepel benat word. Begin toediening sodra die drumpelwaarde (0,7 stinkbesies / boom in 10 bome) soos deur die booms kudmetode bepaal, bereik is.

GEWAS	DOSIS	OPMERKINGS
		Monitor die populasie elke 7 dae en herhaal toediening indien nodig.
<p><b>Mielies en Graansorghum</b> Mieliestronkboorder (<i>Busseola fusca</i>)</p>	<p><b>Laevolume</b> <b>Grondtoediening:</b> 5 ml / 100 m ry</p> <p><b>Lugtoediening:</b> 625 ml / ha in 30 l water</p>	<p>Dien toe in 3 l water / 100 m ry. Toediening moet begin een week nadat daar op 2 % van die plante (jonger as 6 weke) eiers gelê is of onmiddellik wanneer 6 % van die plante die eerste tekens van vreeskade toon, dit wil sê wanneer klein deursigtige kolle (“vensters”) op die jong blare waargeneem word. In geval van plante wat 6 weke en ouer is, word ‘n drumpelwaarde van 5 % eierdeponering en 10 % skade gebruik. Vir die beste beheer moet larwes nie groter as 10 mm in lengte wees nie. Groot gevestigde larwes word nie goed beheer nie. Hou die land onder observasie in geval daar ‘n herinfestasië voorkom. ‘n Tweede toediening 12 - 14 dae later mag nodig wees. Twee tot drie spuitpunte moet verkieslik op die ry gerig word sodat direk in die kelke gespuit en alle jong groei deeglik benat word. Moet nie ‘n druk van 300 kPa oorskry nie. Dou gedurende die nag na toediening is noodsaaklik vir die beheer van larwes in die doulyn in die kelke. Kontak u plaaslike verteenwoordiger vir meer omvattende inligting.</p> <p><b>Sien “lugtoediening” vir voorsorgmaatreëls en toediening</b> <b>Let wel:</b> Waar ‘n infestasië moontlik is, moet weekliks verken word totdat die plante pluimstoot. Begin verkenning 21 dae na opkom.</p>
<p><b>Paprika</b> Amerikaanse bolwurm en Blaaspootjie</p>	<p><b>Grondtoediening:</b> 1,0 l / ha</p> <p><b>Lugtoediening:</b> 1,1 l / ha</p>	<p>Vir die beheer van Amerikaanse bolwurm word die drumpelwaardes soos vir katoen gebruik. In die geval van blaaspootjies moet toediening begin sodra die plaag opgemerk word. Verseker goeie bedekking vir die beheer van beide plae en herhaal toediening indien nodig.</p> <p>Dien toe in 30 l water / ha.</p>
<p><b>Perskes, pruime en appelkose</b> Amerikaanse bolwurm,</p>	<p><b>Hoëvolume toediening:</b> 100 ml / 100 l water (2,5 – 3,5 l / ha)</p>	<p>Dien toe as ‘n medium dekttoediening op blare en blomtrosse vir die beheer van Amerikaanse bolwurm. Vir die</p>

GEWAS	DOSIS	OPMERKINGS
Antestia	<b>Laevolume toediening:</b> 2,5 – 3,5 ℓ / ha	beheer van Antestia, dien toe sodra die plaag opgemerk word in die periode van volblom tot 90 % blomblaarval. Dien 2500 – 3500 ℓ spuitmengsel / ha toe. Herhaal indien nodig. Dien toe soos hierbo in 12,5 % - 25 % van die watervolume wat vir hoëvolume toediening gebruik word.
<b>Sierplante</b> Amerikaanse bolwurm, Plantluise en Lelieruspe	<b>Hoëvolume toediening:</b> 100 ml / 100 ℓ water	Dien toe sodra die plaag opgemerk word. Herhaal toediening indien nodig.
<b>Sitrus</b> Amerikaanse bolwurm (Boorde onder geïntegreerde biologiese beheer)	<b>Hoëvolume toediening:</b> 100 ml / 100 ℓ water  <b>Laevolume toediening:</b> (4 x) 400 ml / 100 ℓ water	Dien toe met blomtyd sodra populasie van klein larwes ontwikkel (gewoonlik 75 % blomblaarval). Dien toe as 'n middelmatige dekbespuiting teen 2800 kPa. Normaalweg is een bespuiting voldoende. Dien toe met 'n newelspuit wat 5 - 10 ℓ spuitmengsel / boom lewer afhangede van boomgrootte. <b>Sien sitrusboordbespuiting.</b> <b>Let wel:</b> 'n <b>THIONEX SC</b> toediening vir Amerikaanse bolwurm, sal blaaspootjies vir 'n periode van tot 10 dae beheer. Waar <b>THIONEX SC</b> in boorde met 'n onegalige blompatroon voor die hoof blaaspootjiesbepuiting toegedien word, moet dit as 'n ligte dekbespuiting toegedien word indien Amerikaanse bolwurm nie teenwoordig is nie.
Plantluise	<b>Hoëvolume toediening:</b> 75 ml / 100 ℓ water	Dien toe as 'n ligte dekbespuiting teen 2800 kPa sodra bome begin uitspruit en swaar plantluispopulasies ontwikkel.
Silla (bladvlooie)	<b>Hoëvolume toediening:</b> 75 ml / 100 ℓ water	Begin toediening wanneer groot populasies begin ontwikkel of wanneer oranjekleurige eiers op die jong uitspruitsels opgemerk word (rande van blare). Herhaal toediening binne 16 dae indien 'n herinfestasië voorkom. Byvoeging van 'n benatter is raadsaam. As Cipron by 100 % blomblaarval gebruik word moet die konsentrasie van laasgenoemde nie 200 ml / 100 ℓ water oorskry nie. (ligte dekbespuiting).
Plantluise en Silla (bladvlooie)	<b>Laevolume toediening:</b> (4 x) 300 ml / 100 ℓ	Dien toe as 'n medium dekbespuiting met 'n newelspuit wat 5 - 10 ℓ

GEWAS	DOSIS	OPMERKINGS
Lemoenruspe  Knopmyt	water	spuitmengsel / boom lewer, afhangende van boomgrootte. ( <b>Sien sitrusboordbespuiting</b> ).
	<b>Hoëvolume toediening:</b> 100 ml / 100 l water	Dien toe as 'n middelmatige deктоediening sodra besmetting opgemerk word.
	<b>Hoëvolume toediening:</b> 100 – 125 ml / 100 l water  <b>Laevolume toediening:</b> 400 – 500 ml / 100 l water	Dien toe gedurende die periode Februarie – Maart as 'n medium deктоediening. Verseker dat een- en tweejarige hout deeglik bedek word. Bome tot en met twee jaar oud wat 'n erge knopmytinfestasiе het, mag 'n tweede bespuiting net na blomblaarval benodig. Gebruik die laer toedieningshoeveelheid vir 'n lae knopmytdruk en die hoë toedieningshoeveelheid vir die hoër druk.
Suikermielies en Mielies Amerikaanse bolwurm  Pienk mieliestronkboorder (Suid Kaap)	<b>Lugtoediening:</b> 1,5 l / ha  <b>Grondtoediening:</b> 500 ml / ha	Verken lande met 7 dae tussenposes sodra baard verskyn. Monitor 24 plante / 15 ha. Begin toediening sodra gemiddeld 10 % van die koppe se baard met gemiddeld een larf, wat nie langer as 10 mm is nie, besmet is. Herhaal toediening indien nodig. Dien toe as 'n voorkomende programbespuiting beginnende 14 dae nadat plante opgekom het. Herhaal toediening met 14 dae tussenposes. Verseker 'n deeglike bedekking van die plante. Die laaste toediening moet na die koppe gerig wees.
Tabak Amerikaanse bolwurm, Plantluise en Blaaspootjies  Amerikaanse bolwurm	<b>Hoëvolume grondtoediening:</b> 300 – 700 ml / ha  <b>Lugtoediening:</b> 1,0 l / ha	Dien toe sodra die plaag opgemerk word of wanneer dit verwag word. Verseker 'n goeie bedekking van die plant en skenk spesiale aandag aan die boonste blare en die groeipunte. Herhaal toediening elke 7 – 10 dae. Vir die beheer van plantluise en blaaspootjies is dit belangrik dat alle plantdele, insluitende die onderkante van blare, deeglik benat word.  Dien toe in ten minste 30 l water / ha. Herhaal elke 7 – 10 dae.
Tamaties Amerikaanse bolwurm	<b>Hoëvolume toediening:</b> 100 ml / 100 l water	Dien toe as 'n volle deктоediening sodra plante begin blom of wanneer 'n bolwurminfestasiе verwag word. Herhaal toediening elke 7 – 10 dae of na swaar reën.

**NOTA OOR KATOEN:****Goeie blaarbedekking is noodsaaklik.**

Alle bespuitings moet op 'n weeklikse verkenningprogram gebaseer word. Verken weer as 12,5 mm of meer reën binne 12 uur na toediening val en dien weer toe indien dit nodig is. Oorhoofse besproeiing moet vir minstens 12 uur na bespuiting gestaak word. Moet nie op nat blare spuit as die water daarvan afloop nie. Indien gebruik teen die aanbevole dosis in katoen, sal **THIONEX SC** nie 'n uitbraak van rooispinmyt tot gevolg hê nie. Plantegroei, persentasie vrugset en insekdruk is normaalweg op 'n hoogtepunt 12 - 20 weke na plantopkoms (piek blomtyd). Oor hierdie tydperk moet toedienings op sewe dae tussenposes gebaseer word en as programbespuiting gebruik word. Weeklikse verkenning van 24 plante / 15 ha word aanbeveel.

**SPUITDRUMPELWAARDES:****Amerikaanse bolwurm.**

Dien toe wanneer die eiertelling 12 / 24 plante bereik of oorskry, of die aantal larwes 5 / 24 plante bereik het. 'n Bespuiting is noodsaaklik wanneer 'n kumulatiewe eiertelling die bogenoemde drumpelwaarde oor 'n tydperk van drie agtereenvolgende weke bereik of oorskry het. Vanaf 17 - 20 weke na opkom, kan die normale toediening van **THIONEX SC** uitgestel word tot die aantal klein larwes 5 / 24 plante bereik het.

**Korrektiewe toediening vir Amerikaanse bolwurm:**

Vanaf week 17 kan 'n bespuiting toegedien word waar die aantal 1ste tot 3de instar larwes die ekonomiese drumpelwaarde van 5 / 24 plante op 'n weeklikse telling haal. Waar meer as 8 larwes / 24 plante getel is en heelwat laat instar larwes teenwoordig is (3de tot 4de instar), kan dit gebeur dat die bespuiting die populasie nie onderkant die drumpelwaarde van 5 laat daal nie. 'n Tweede toediening sal dan die daaropvolgende week nodig wees. Daarna word die normale dosis, gebaseer op eiertellings, aanbeveel.

**Valslandmeter (Plusia):**

Klein tot middelmatige larwes moet beheer word wanneer 'n drumpelwaarde van 12 larwes / 24 plante bereik is. Plante wat jonger as 12 weke is, moet slegs bespuit word as die vreeskade van die blaaroppervlakte meer as 50 % is.

**Bladspringers:**

Toediening moet begin wanneer die tellings 'n gemiddeld van 2 bladspringers / blaar (48 / 24 blare) oorskry.

**BYVOEGING VAN MOLASSE:**

Molasse moet by die verminderde **THIONEX SC** toedieningshoeveelhede gevoeg word teen 20 % van die spuitvolume in die geval van lugtoediening en 10 % in die geval van grondtoediening. Die volle dosis (1 ℓ / ha) moet gebruik word wanneer Amerikaanse bolwurm-infestasië hoog is, dit wil sê meer as 24 eiers / 24 plante. Molasse byvoeging sal doeltreffende druppelherwinning tot en by 'n nat- en droëboltemperatuurverskil van 12 °C handhaaf.

**SITRUSBOORDBESPUITING:**

Moet nie toedien wanneer die windsnelheid 12 km / uur oorskry nie. Kalibreer lugblaasspuitmasjien om twee derdes van spuitvolume op die boonste helfte van die bome te spuit. Skakel die lugblaasmasjien af aan die einde van elke ry om oorvleueling te vermy.

Wanneer sitrus bespuit word, moet nie in Tangelos gebruik nie. Moenie ligte somersmaldistillasiebestekolies in 'n program wat endosulfan bevat, op enige "Easy Peelers" gebruik nie.

Moet nie ligte somersmaldistillasiebestekolies toedien binne 6 weke voor of 3 weke na 'n lente endosulfan-toediening nie. Droogtestremming mag vrug- en blaarval by endosulfan-behandelde bome veroorsaak, veral indien insekbeherende dosisse van spuitolies vroeër in die spuitprogram gebruik is.

Endosulfan formulerings is nie mengbaar met ligte somerolies by konsentrasies hoër as 0,2 % of met kalsiumarsenaat nie.